

BELYDENISKLAS

Graffiti | Gallery | Crew

Amptelike Formulier

Om belydenis van geloof af te lê, beteken dat julle met die mond bely wat julle ook met die hart glo, naamlik dat Jesus die Here is. Dit is 'n belofte wat julle maak om alleen op Hom te vertrou, om te lewe volgens sy Woord, getrou deel te neem aan die erediens en aan alle aktiwiteite van sy kerk, om te volhard in die gebed en om God op alle terreine van die lewe deur woord en daad te verheerlik. Voorts beteken die openbare belydenis van geloof dat julle verklaar dat dit julle opregte voorneme is om in hierdie belydenis te volhard en steeds daarin te groei.



Proses tot Belydenisaflegging

Daar is sekere kriteria waaraan jongmense moet voldoen alvorens hulle belydenis van geloof kan aflê in NG Lux Mundi. Dit is belangrik dat hierdie nie net kriteria bly nie maar dat dit juis gesien moet word as n hulpmiddel om sekere uitsette te bereik.

Belydenis van geloof gaan in die eerste instansie daarvoor dat jy nou verantwoordelikheid vir jou eie geestelike groei aanvaar. Dit is ons as gemeente se werk om saam met die ouers verantwoordelikheid te neem om jongmense op hierdie vlak van kognitiewe, deelnemende en Geestelike volwassenheid te



kry. Ons as Gemeente neem ons rol in hierdie proses baie ernstig op en daarom volg ons die volgende proses wat met sekere kriteria begin sodat ons uiteindelik ons uitsette kan bereik met elke jongmens op sy/haar eie tyd.

Kriteria

1. Die belydenis proses sal oor minstens 2 jaar verloop aan die hand van n uitgewerkte program en kurrikulum wat gewoonlik in die Gr. 10 en 11 jaar van n jongmens se lewe sal plaasvind.
2. 80% Bywoning in die *Crew*-groep vir elke jaar is n streng vereiste. Hier is ons besig met leerinhoud, deelname en geloof.
3. Elke jongmens moet tenminste 1 groot uitreik (TO Strand, Laeveld, Mosambiek of enige buite uitreik van Christelike instansies wat met die jeugleeraar bespreek is en amptelik goedgekeur is as n legitieme uitreik. Ons verkies egter dat jongmense ons eie uitreike meemaak) en 2 x dag uitreike (2 dag uitreike per jaar, m a.w. 4 oor die 2 jaar) meemaak.
4. Belydeniskamp (Gr. 11) is n verpligte kamp. Indien 'n jongmens die belydeniskamp vir 'n baie goeie rede mis sal die jeugleeraar en *Crew*-groepleier die situasie op meriete beoordeel. Ons sal waarskynlik so 'n jongmens baie sterk aanbeveel/verplig om 'n uitreik saam met ons gemeente mee te maak.

Ons meet uitsette

Daar moet altyd 'n rede wees vir kriteria. Daarom is uitsette vir ons belangrik saam met die kriteria. Wat wil ons uiteindelik bereik met al hierdie kriteria? Ons wil jongmense kweek wat verantwoordelik na hulle eie geestelike groei sal kan omsien en genoeg blootstelling kry aan verskeie elemente van die Christelike leer en lewe. Ons gaan jongmense evalueer deur die loop van die twee jaar na elke kwartaal (dit sal die *Crew*-groepleiers doen) en 'n goeie pad stap om elke kind aan boord te kry aan die hand van die volgende uitsette.

- 1. Koinonia** - Dit is waar die gemeenskap en gemeente saamkom, dit is 'n gesamentlike deelname. Daar waar jy met almal deel. Dit is waarna ons as die kerk van Christus streef. Jongmense moet hierdie manier van leef integreer in hulle alledaagse lewens as die kerk relevant wil bly vir ons nageslagte en daarom is dit vir ons belangrik dat ons jongmense hierdie eienskappe ten diepste sal probeer navolg.
- 2. Deelname** - Dit is vir ons belangrik dat 'n jongmens oor God kan praat, hom/haar self goed verwoord en saam gesels oor geloof en Christenskap in die basiese vorm. Jongmense moet aktiewe deelname in debatte of gesprekke kan toon veral ook as deel van die *Crew*-groep.
- 3. Geloof** - Jongmense moet 'n lewende verhouding met die Here hê en dit is uiters belangrik. Geloof loop uiteindelik oor in al die ander uitsette.

4. Leerinhoud - is belangrik omdat elke Christen hom/haarself rasioneel goed moet kan plaas binne die Christelike geloof asook die gereformeerde tradisie.

5. Toewyding / Commitment - aan die gemeente, geloofsgemeenskap, en gemeenskap.

6. Uitreik - Dit is waar kinders blootgestel word aan verskeie vorms en fasette van die lewe. Hulle leer prakties hoe om vir ander daar te wees, jou geloof te deel, jou geloof uit te leef en so ook die Christendom te bevorder. Jongmense self ervaar met sulke geleenthede persoonlike groei in hulle geestelike lewe soos wat min teoretiese dinge kan bied. Hierdie stel jongmense bloot om op 'n manier ook prakties te gaan leef wat hulle bely met die mond.

Algemeen

Crew-groepleiers sal twee-jaarliks terugvoer oor die leerders waar daar kommer is aan die Jeugleraars gee sodat ons hierdie leerders betyds kan help en ondersteun waar nodig.

Hoe hanteer ons uitsonderings?

1. Ons weier nooit 'n jongmens tot die aflegging van belydenis van geloof nie, maar as ons voel dat die leerder nie aan die nodige vereistes voldoen nie, gaan ons 'n ander en langer pad stap tot en met belydenisaflegging.
2. Ons stap met liefde 'n langer pad met enige leerder. Die alternatiewe of langer pad sal die jeugleeraar en *Crew*-groepleier in ooreenstemming met die jongmens en sy ouers bepaal.
3. Katkisanter wat nie aan die vereistes voldoen nie moet betyds, aan die einde van gr 11 gewaarsku word dat hulle 'n langer pad na belydenisaflegging sal volg. Hulle ouers moet ook ingelig word. Van ons kant af sal ons poog om 'n katkisant te help om in gr 12 gereed te wees vir belydenisaflegging. Leerders kan egter enige tyd na Gr 11 belydenis aflê en dit is nie 'n moet vir die Gr. 12 jaar nie.
4. Belydenis van geloof is nie 'n eindpaal nie, maar 'n pad wat jongmense toerus tot eie verantwoordelike geestelike groei en samewerking in die gemeente. Dit is dus eintlik die begin eerder as die einde van jou geestelike groei. Indien hierdie pad langer gaan vat as die voorgestelde 2 jaar dan stap ons dit onwrikbaar saam met die jongmens.

Hoe sien ons kurrikulum daarna uit oor die twee jaar:

Gr 10:



Gr II:



Vir enige navrae kontak ons gerus:

Ds. Sebastiaan van Dyk

(Jeugleeraar NG Lux Mundi)

Tel (w): 012-998-8801

Sel: 079-499-8790

E-pos: svandyk@luxmundi.org.za

Mev. Claudie Louw

(Jeug-koördineerder NG Lux Mundi)

Tel (w): 012-998-8801

(Ma-Vry 08:00 tot 13:00)

E-po: jeug@luxmundi.org.za